# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 10**

**VRAESTEL 1**

**NOVEMBER 2021**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Begripstoetse | [30] |
| AFDELING B: | Opsomming | [10] |
| AFDELING C: | Taalwerk | [40] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Skryf jou Afrikaanse onderwyser se naam op die voorblad.
   [Me. Combrink, Haluman, Jordaan, Meiring, Middleton, Ramdhani]

4. Gebruik dieselfde nommers as in die vraestel.

5. Laat ‘n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TEKS A - ARTIKEL

Lees die volgende tydskrif artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

# 'n Bul van 'n gesinsman



1. Soms stap die Springbok-agsteman en Blou Bulkaptein niksvermoedend met sy twee jong seuns in 'n winkelwaentjie deur 'n inkopiesentrum. En as hy weer hoor, fluister 'n stemmetjie uit die waentjie vir 'n verbyganger: "Dis Duane Vermeulen!"

2. Die reus van 'n man skud sy kop verleë en glimlag skeef. "Ja, 'n mens raak dan nogal vinnig bloedrooi voor mense. Maar nou ja, dit is maar hoe kinders is, jy weet, die eerlikheid wat daar is." Ouboet Anru [7] verstaan al beter as klein Zian [4] wat hul pa se beroep as beroepsrugbyspeler behels, maar hulle albei weet waar en vir watter spanne hy uitdraf en hulle is sommer baie trots op hul pa.

3. "Hulle hou van rugby en sal dit saam met hul tjommies by die skool speel. Maar Anru is meer van 'n gholfspeler. Ek dink ons gaan Zian dalk moet laat stoei, want jinne, hy is 'n *fighter* en 'n moeilike mannetjie. Maar ek dink hy sal dalk eerder die rugbymannetjie wees tussen die twee," vertel Duane [34], duidelik net so trots op sy twee bulletjies soos hulle op hul talentvolle pa.

4. Die man van amper 2 m lank maak homself al hinkepink tuis by die eetkamertafel van die gesin se huis in Durbanville, Kaapstad. Hy het die vorige week 'n knie-operasie ondergaan en moet nou ses weke lank rus.

5. Toe die inperking in Maart verlede jaar aangekondig is, was Duane nog in Japan waar hy in die plaaslike liga gespeel het. Hy het letterlik die aand agtuur in Suid-Afrika aangekom en die inperking het om middernag begin.

6. Die inperking was vir die Vermeulens welkome gehaltetyd saam nadat Duane die ses jaar voor dit min tuis kon wees terwyl hy in die buiteland rugby gespeel het. "Ons het klomp dinge rondom die huis gedoen en 'n bietjie reggemaak. Ons het in die garage geoefen met toue en fietse en om die huis gehardloop," sê hy. "En ons het baie gebraai, kaart gespeel, bordspeletjies, legkaarte gebou," las sy pragtige vrou Ezel by.




7. Wanneer hy vir die Bulle uitdraf en in Pretoria oefen, bly Duane gewoonlik in 'n hotel en gaan kuier soms by sy ma, Estelien, in Mbombela in Mpumalanga. Tussen alles deur bly hy met sy gesin in kontak met gereelde video-oproepe.

"Mense dink dit is 'n helse *glamorous* affêre om in die sportbedryf te wees, maar ek dink baie min mense weet watter opofferings 'n ou maak om te doen wat jy wil doen," sê hy.

8. Duane en Ezel het mekaar vroeg in Duane se rugbyloopbaan ontmoet toe hy vir die Pumas uitgedraf het en Ezel die span se bemarkingsbestuurder was. Nou is hulle al 16 jaar saam en agt daarvan getroud.

9. Duane se paadjie na rugbyglorie was nie altyd maklik nie. Sy pa, André, is ná 'n kankerstryd oorlede toe Duane maar net agt jaar oud was. Daar was funksies soos

pa-en-seun-rugbyaande wat hy niemand gehad het om saam te neem nie. “Maar daar is weer ander mense wat groter uitdagings in die lewe het,” sê hy. Daarom probeer hy baie gehaltetyd met sy twee seuns deurbring.

10. “Ek koester elke oomblik saam met my gesin.”

**[verwerk uit HUISGENOOT, Maart 2021]**

1.1 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Die titel van die artikel “’n Bul van ‘n gesinsman” verwys na Duan se

A. sportloopbaan as ‘n Blou Bul-kaptein.
B. kinders wat eendag vir die Blou Bulle rugby wil speel.
C. positiewe rol as ‘n pa en man.
D. groot liggaamsbou. [1]

1.2 Watter posisie speel Duane in die Springbokspan? Skryf een woord as antwoord neer. [1]

1.3 In die eerste paragraaf hoor Duane ‘n stemmetjie wat fluister. Wie is dit wat heel waarskynlik so fluister? [1]

1.4 Haal vier opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê dat Duane ‘n baie groot man is. [1]

1.5 “... maar hulle albei weet waar en vir watter spanne hy uitdraf ...”

Vir watter twee spanne in Suid-Afrika draf Duane uit? [2]

1.6 Die volgende stelling is WAAR.

Duane word vinnig skaam as mense hom in die publiek herken.

Haal EEN WOORD uit paragraaf 2 aan om die stelling te bewys. [1]

1.7 Volgens Duane het sy jongste seun twee karaktereienskappe wat van hom moontlik ‘n goeie rugbyspeler kan maak.
Watter twee APARTE woorde sê vir ons wat hierdie eienskappe is. [2]

1.8 Hoe kan ‘n mens <u>sien</u> dat Duane onlangs ‘n knie-operasie gehad het?
Skryf EEN WOORD as antwoord neer. [1]

1.9 Watter internasionale virus het die “inperking” veroorsaak? [1]

1.10 Kies uit KOLOM B die plek wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 Buiteland rugby gespeel | A. Durbanville |
| 1.10.2 Die gesinshuis | B. Mbombela |
| 1.10.3 Sy ouerhuis | C. Pretoria |
| | D. Japan |

[3]

1.11 "die inperking het om middernag begin."

Is die bogenoemde frase 'n feit of 'n mening? [1]

1.12 Noem 2 dinge wat die Vermeulens gedurende die inperking gedoen het om fiks te bly. [2]

1.13 Noem een ding wat hulle as gesin saam gedoen het wat die seuns ook geniet het. [1]

1.14 Met watter moderne kommunikasie-middel het Duane in kontak met sy gesin gebly?
Skryf EEN WOORD as antwoord neer. [1]

1.15 Die volgende stelling is ONWAAR.
Haal vyf opeenvolgende woorde aan om dit te bewys.

Die Blou Bulle is die enigste provinsiale span waarvoor Duane al gespeel het. [1]

1.16 Wat was Ezel se beroep toe hulle as jongmense ontmoet het? [1]

1.17 Waarom was funksies soos pa-en-seun-rugbyaande baie moeilik vir Duane? [1]

1.18 Duane sê dat "baie min mense weet watter opofferings 'n ou maak om te doen wat jy wil doen".
Watter opoffering, dink jy, is die moeilikste opoffering wat hy maak? [1]

1.19 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

'n Sport beroepspeler is iemand wat

A. elke Saterdag sy sport speel.
B. twee beroepe het.
C. oorsee en plaaslik speel.
D. betaal word om die sport te beoefen. [1]

**TEKS B: STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.




1.20 Meester is baie kwaad vir Neelsie. Hoe kan ons dit in raampie 1 sien? [1]

1.21 Hoe word die twee beledigende woorde beklemtoon? [1]

1.22 In watter plek is Meester heel waarskynlik in die eerste raampie? [1]

1.23 Wat, dink jy, het Neelsie gedoen om Meester so kwaad te maak? [1]

1.24 Volgens Neelsie, wanneer het Meester so geskree?
Haal een woord as antwoord aan. [1]

1.25 Watter woord van Meester het Neelsie baie seergemaak? [1]
[30]

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

- Die vakansie is hier! Hier is belangrike veiligheidswenke om seker te maak dat jou vakansie glad verloop.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die **KORREKTE** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**<u>Veiligheidswenke om seker te maak jou vakansie verloop glad</u>**

1. Ken belangrike noodnommers uit jou kop, soos jou ouers en Polisie se nommers (10111). ŉ Maklike manier om die Polisie se nommer te onthou is, om ŉ 0 met die wysvinger van jou regterhand te maak sodat jou duim steeds uitsteek en siedaar, jou hand spel 10111.

2. Jou ouers moet altyd weet waar jy is sodat hulle jou maklik kan kry. As jy roomys gaan koop en halfpad besluit om eerder iets anders te doen, moet jy eers teruggaan na jou ouers en hulle laat weet.

3. Bly kalm as jy verlore raak, want wanneer jy kalm is, kan jou brein beter planne beraam. Moenie saam met iemand weggaan na ŉ ander plek toe nie en bly waar jy is– veral as dit ŉ veilige plek tussen ander is.

4. Smeer soggens ordentlike sonbrandroom aan en weer gedurende die dag en nadat jy geswem het. Dra ook ŉ hoed en drink genoeg water.

5. Nie alle vreemdelinge is gevaarlik nie, maar ongelukkig het ons nie radar-oë om te sien of iemand gevaarlik is of nie. Moenie saam met vreemde mense iewers heengaan nie – selfs al sê hulle vir jou dat jou ouers hulle gestuur het om jou te kry.

6. Koop jou eie lekkergoed en moet NOOIT lekkers van vreemdelinge aanvaar nie, want dit kan dwelms wees wat soos lekkers lyk. Soms word dit verniet weggegee sodat kinders verslaaf kan raak.

7. Wees versigtig in swembaddens, damme en die see. ŉ Ongeluk kan vinnig gebeur. As jy ŉ kramp kry of jou kop stamp, kan jy sukkel om lewendig uit die water te kom.

[Bron: Hoezit tydskrif online]

[10]

**TOTAAL VIR AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALWERK**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Die volgende taalvrae is op die advertensie gebaseer.

**TEKS D**

**KOOP ENIGE FIRST CHOICE-VLA EN JY KAN ELKE WEEK R5 000 WEN!**




First Choice-vla is 'n smullekker nagereg wat vir enige geleentheid geskik is. 3.8 [Hierdie romerige vanilla lekkerny kan warm of koud geniet word]. Hoe jy ook al verkies om jou First Choice-vla te geniet, dis 'n lekkerny wat in elke huis hoort … en ook in elke magie.

Kompetisieperiode: 5 Junie–3 September

**[Bron: *Goeie Huishouding tydskrif*, Junie 2017]**

3.1 Watter produk word hier geadverteer?
Skryf die naam van die produk volledig uit. [1]

3.2 Skryf die volgende in die **ONTKENNING** oor.

Daar is nog bokse van die vla in die winkels. [1]

3.3 Hoe kan jy <u>sien</u> dat die een boksie 'n meisie verteenwoordig? [1]

3.4 Skryf die volgende sin in die korrekte **WOORDORDE** neer.

My ouma [gebruik, First Choice-vla, het, oor die Kerspoeding, elke Kersfees.] [1]

3.5 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen die hakies. Skryf net die antwoord neer.

Baie [besigheid] verkoop hierdie produk. [1]

3.6 Voltooi die volgende **VERGELYKING**. Skryf net die antwoord neer.

Die vla is nie so bitter soos ........nie. [1]

3.7 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** neer.

Ma sê: " Ek koop altyd First Choice vla." [1]

3.8 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Hierdie romerige vanilla lekkerny kan warm of koud geniet word. [1]

3.9 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer neer.

Die gesin eet die vla <u>met lang tande</u> beteken dat hulle

A. die vla geniet.
B. tandpyn het.
C. al te veel vla geëet het.
D. vla hul gunsteling nagereg is. [1]

3.10 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Die advertensie trek dadelik die aandag. Dit is kleurvol en interessant. [omdat] [1]

[10]

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



4.1 Hoekom kan ons sê dat Neelsie in raampie 3 min respek vir sy skool wys? [1]

4.2 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Neelsie sit saam met sy maats in die klaskamer. [1]

4.3 Watter woord in raampie 3 word beklemtoon? Hoe weet jy dit? [1]

4.4 Gee die korrekte **VOORNAAMWOORD** en skryf dit neer.

Neelsie steek.......hand op. [1]

4.5 Gee die korrekte **VOORSETSEL** en skryf dit neer.

Neelsie vra Meneer.....hulp. [1]

4.6 Skryf die **VERGROTENDE TRAP** van die woord tussen hakies neer.

Neelsie leer [min] as die ander kinders in die klas. [1]

4.7 Gee **EEN WOORD** vir die woorde tussen die hakies en skryf dit neer.

Neelsie moet maar in 'n restaurant gaan werk vir [geld wat jy vir kelners se diens gee]. [1]

4.8 Skryf die **VERKLEINING** van die woord tussen die hakies neer.

Meneer dink dat dié klein [man] gestraf moet word. [1]

4.9 Skryf die volgende sin korrek oor deur van **LEESTEKENS** gebruik te maak.

Neelsie se ek wil 'n dokter in suid afrika word [1]

4.10 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Neelsie doen elke tweede week die huiswerk by die skool. [1]

[10]

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

Die volgende taal is op die onderstaande artikel en prentjie gebaseer.
Daar kan opsetlike foute in die artikel wees.

[5.1]**Sosiale media-wereld" maak kinders maklike teikens vir selfoonrowers.**

Port Elizabeth: Selfoondiewe het skoolleerders, veral in die woonbuurte Algoapark en Gelvandale, in hul visier.

[5.2]Die selfone is in die leerders se hande. Volgens kapt.Johan Rheeder, 'n polisiewoordvoerder, is selfoondiewe veral op die uitkyk vir leerders wat in 'n "sosiale media-wêreld" vasgevang is.

"Met ander woorde, kinders raak al hoe meer sagte teikens omdat hulle altyd op hul selfone besig is met sosiale media en nie kyk wat om hulle aangaan nie. 'n Grypdief lê 'n kind voor en sodra hy 'n kans kry, oorrompel hy die slagoffer en steel sy selfoon." het Rheeder gesê. [5.3]  Rheeder se [kleinseun] was ook ‘n slagoffer.

[5.4]Die diewe sal die selfone op die swartmark verkoop. Volgens mnr. Edmund van Vuuren, skoolhoof van die Hoërskool Hillside, is van sy leerders op Maandag gedwing tot in 'n taxi, waar hulle van hul besittings gestroop is.

[5.5]Die skoolhoof van Hoërskool Bertram in Chatty, mnr. Fred Mathews, het gesê: "Selfone moet by skole verbied word. Leerders wat in uniform rondloop met 'n selfoon in die hand trek mos meer aandag, want die oortreder kan sien die kind gaan nog skool toe en dit maak hom 'n maklike teiken."

Meneer van Zyl het verder bygevoeg dat alle selfoonmaatskappye gesteelde selfone op'n swartlys moet plaas en dit blokkeer, sodat dit nie weer verkoop kan word nie. [5.14] Die stappe was baie suksesvol oorsee. As dit hier gedoen word, sal daar geen "besigheid" vir selfoondiewe wees nie en die stryd teen selfoondiefstal sal definitief iets van die verlede wees.

**[Verwerk en aangepas uit: Die Burger]**

5.1 Korrigeer die **spelfout** in die opskrif van die artikel. [1]

5.2 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Die selfone is in die leerders se hande. [1]

5.3 Gee die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die woord tusse die hakies. Skryf net die woord as antwoord neer.

Rheeder se [kleinseun] was ook ‘n slagoffer. [1]

5.4 Skryf die sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Die diewe sal die selfone op die swartmark verkoop. [1]

5.5 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Die skoolhoof, mnr. Fred Mathews, vra: "Selfone moet by skole verbied word.” [1]

5.6 Skryf ‘n **VRAAGSIN** waarin die onderstreepte woorde die antwoord is.

Die leerders loop elke middag <u>winkels toe.</u> [1]

5.7 Gee die korrekte **AFKORTING** van die woorde tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.

Die polisie het <u>in verband met</u> die gesteelde selfone gebel. [1]

5.8 Skryf die **AFKORTING** in die sin uit. Skryf net die antwoord neer.

Die grypdief het <u>o.a</u>. ook ‘n beursie gesteel. [1]

5.9 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woorde tussen die hakies. Skryf net die woord as antwoord neer.

Die grypdiewe het die geld [baie nodig] gehad. [1]

5.10 Verskaf die korrekte **VRAAGWOORD**. Die antwoord van die vraag is gegee om jou te help. Skryf net die vraagwoord neer.

..... moet op ‘n swartlys geplaas word? Gesteelde selfone. [1]

5.11 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die diewe steel eers die selfone, dan verkoop hulle dit op die swartmark. [1]

5.12 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Die leerders is bang vir die grypdiewe. Hulle loop saam in groepe huis toe. [daarom] [1]

5.13 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Loop alleen skool toe! [1]

5.14 Stel die **VRAAGSIN** waarvan die onderstreepte woorde die antwoord is.

Die stappe was baie suksesvol <u>oorsee</u>. [1]

[14]

**TEKS G**

Die volgende vrae is op die onderstaande prentjie gebaseer.



5.15. Gee **EEN WOORD** vir die woorde tussen die hakies en skryf dit neer

Die [mense wat langs jou bly] was ook by die partytjie. [1]

5.16 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die seun waai vir die mooi meisie. [1]

5.17 Watter item in die prentjie sal jy as beskerming teen die son gebruik? Skryf net die woord neer. [1]

5.18 Kies die korrekte **VOORSETSEL** en skryf dit neer.

Die tieners is almal [aan, met] vakansie [1]

5.19 Vul die ontbrekende woord in. Skryf net die antwoord neer.

Net een meisie koel in die ....... af. [1]

5.20 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Iemand kry baie koud. [1]

[6]

**TOTAAL VIR AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**